# SKEUR

CARAL VAN ROOYEN

Human & Rousseau

# Hoofstuk 1

Eers het ons daaroor gelag. Ha-ha-ha, die mense wat dom genoeg is om bang te raak darem . . . Selfs toe die stories nie weggegaan het soos ons gedink het dit sou nie, en meer en meer geword het.

Tot daardie Maandagoggend, toe ons die geruis gehoor het en die spanning onder ons gevoel het. Toe't ons geweet dis ons, óns wat dom was omdat ons dit nie wou glo nie.

Die gerugte het toe reeds al verander van 'n vae vooruitsig na iets met syfers, grafieke, 'n datum.

Dit het finaal ingesink toe Coetzee se afkondiging kom dat daar nie Vrydag skool sou wees nie.

"Maar daar's altyd skool op 'n Vrydag," het Yolandi gesê en omgeswaai in haar bank om na my te kyk, asof dit ék was wat die afkondiging gemaak het.

". . . sodat julle die tyd saam met jul naasbestaandes kan spandeer." Die interkom het dramaties gekraak. "Dankie dat julle sulke uitstaande leerders was . . . is en Hoërskool Bitterbrugfontein se naam hoog gehou het."

Almal het gelyktydig begin praat, behalwe ek.

Ek het afgekyk na my bank waar ek *For the best* ingekrap het met my skêr.

Aan die begin van die kwartaal het meneer Voster ons geskuif. Hy het my in die middel van die klas gesit omdat hy van my hou. Van daar af kon ek hoor wat almal sê.

"Dit kan tog nie dáároor wees nie?" Elet.

"Waaroor dan? Jy't gehoor wat Coetzee gesê het." Carmi.

"What are you going to do?" Ukusinda.

"Hoor hier, wat van vliegtuie?" Bernice.

"Waar gaan dit land, stupid?" Gerrit.

"Dis so unfair. My verjaarsdag is volgende Maandag." Narissa.

Ek het gevoel soos 'n joernalis wat alles inneem wat gesê word, maar nie haar eie opinie kan gee nie. Of miskien was dit nie dat ek nie iets kon sê nie, maar dat ek nie iets gehad het om te sê nie. Ek kan nie praat oor iets as ek nie die waarheid daaroor weet nie. En ek het nie die waarheid geweet nie.

Meneer Voster het ingekom. Hy is altyd 'n paar minute laat, want hy rook pouses en stap al die pad tot by die pawiljoen sodat ons hom nie kan sien nie.

Hy het met sy boek op die tafel gekap.

"Goed, laat ons begin."

Ná klas het ek agtergebly terwyl almal soos altyd gelyk by die deur probeer uitbondel het, asof die banke binne in vlamme was.

"Het Meneer die afkondiging gehoor?" het ek gevra. Sy bril laat hom so intelligent lyk.

"Nee, maar ek weet waaroor dit gaan."

By die deur het ek omgedraai.

"Wat gaan Meneer doen?"

"Goeie vraag. Ek het nou net daaroor gedink. Seker maar wat almal gaan doen. Wag en kyk wat gebeur."

Sy antwoord was heeltemal logies, maar dit het my onbevredig gelaat. Dis eintlik hoe ek altyd voel, asof ek *iets mis*, maar omdat ek dit nog nooit kon kry nie, kan ek dit nie bewys nie. Miskien voel almal maar altyd so.

Vir die res van daardie dag het ons gemaak asof alles nog normaal was. Maar daar was iets in die lug. As ek nie van beter geweet het nie, sou ek gesê het dit was opwinding. Amper soos daai keer toe Invading Eden 'n nuwe album uitgebring het en niémand geweet het wat om te verwag nie.

As musiek mense doodgemaak het, dan amper so.

Dit was Maandag. Nou is dit al Woensdag. Drie dae. Vyf-en-sestig uur.

Ek kyk op my selfoon. Daar's 'n boodskap van Ma.

Sal jy na skool vir Bibi kry, Maria? Asseblief.

Reg so. Sien later.

Ek het altyd saam met Bibi huis toe gestap, maar sy is nou al in graad 7.

Die skool is leeg. Klomp kinders het net nie vandag gekom nie.

Nie een van die onderwysers het iets daaroor gesê nie, asof dit werkliker gaan word as hulle daaroor praat.

Sonder soveel kinders is die skool gewond, dit is besig om dood te bloei.

Yolandi is nog daar. Ek wil pawiljoen se kant toe stap, maar sy trek my saam met haar na 'n bankie toe, eintlik ornamenteel en nie gemaak vir ons gewig nie.

Sy snik terwyl swart trane by haar gesig begin afloop.

"Haai, dis nie so erg nie," probeer ek troos. Ek wens sy wil nie so hard snik nie, want elke keer wankel die bankie onder ons.

"Maar, Maria, dit . . . dit is. Ek het laas week met 'n . . . di-dieet begin. Weet-Bix en appelsap, en nou was dit alles verniet. Nou gaan ek nooit . . . nooit maer wees nie."

Ek kry 'n servet (hoekom?) in my hempsak en gee dit vir haar.

"Kom nou, jou maskara smeer."

"Jy sal nie verstaan nie, jy hoef nog nooit te gedieet het nie."

Sy is seker reg. Ek het nog nooit baie gedink aan hoe ek lyk nie, totdat ek begin raaksien het hoe Luan lyk – die strukturele presisie van sy gelaatstrekke.

En partykeer as meneer Voster na my kyk, wonder ek hoe ek lyk, maar ek sal nie vir een van hulle net Weet-Bix en appelsap eet nie.

Tweede pouse sorg ek dat niemand my voorkeer nie.

Meneer Voster haal sy bril af en haak dit in sy hempsak. Ek kyk na die twee rooi merkies op sy neus waar die bril hom

druk. Toe haal hy 'n sigaret uit, sit dit tussen sy lippe en steek dit aan.

Hy asem in, uit.

Ek kan nie glo dat hy elke dag soveel rook inasem, gewilliglik inasem, en so *heel*, so *gesond* lyk nie.

Al probeer ek om nie te hoes nie, is my maagdelike longe in skok en soek hulle skoon lug.

"Ek weet ek moenie rook nie," sê hy. "Elke dag wanneer ek rook, dink ek dat ek al lankal moes gestop het. Aan hoe sleg dit vir my longe is."

Hy draai sy kop weg van my en blaas die rook uit. "Ek weet ek is oud, in vergelyking met julle, maar ek was altyd bang dat wanneer ek regtig oud is, ek nie asem gaan kan kry nie, en dat dit my eie skuld gaan wees. En nou gaan dit nie gebeur nie. Al die bekommernis was verniet."

"So Meneer hoef nie eintlik op te gehou het nie?" vra ek.

"Steeds staan ek en dink hoe sleg dit vir my is. Ek wens ek het al opgehou."

Hy druk die sigaret dood, buk af en tel die stompie op.

Ek leun nader aan hom, sonder om my voete te skuif. Hy leun effens nader aan my, of is dit my verbeelding?

Dit voel soos die aand in Maart toe ons mekaar in die veld gekry het.

Hy raak nie aan my nie; as hy het, sou sy vel voel soos papier. Dink ek.

Ek wens die lug tussen ons kon breek. Dat ek weer my gesig teen sy skouer kon druk.

Ek skrik toe die klok lui, asof dit ons betrap, maar nie een van ons het iets gedoen nie.

"Miskien moet ons nie saam terugstap nie," sê meneer Voster.

Ek knik, kalm. "Nee."

Ek kry vir Bibi by die laerskool se klein hekkie.

"Hoe was jou dag?" vra ek, versigtig.

Sy dink na. "Juffrou Laura sê ons sondes teen die aarde het ons ingehaal."

"Juffrou Laura is 'n hippie. Moenie vir haar luister nie."

"Maar Maandagaand . . ."

"Onthou jy daai keer toe jy by Tanya gaan kuier het en hulle hond vir jou gegrom het? En jy was bang gewees, maar die hond het jou nooit gebyt nie. Toe hy eers gewoond geraak het aan jou, het hy jou hand gelek."

"Ek onthou."

"Maandagaand het die aarde vir ons gegrom. Maar dis al wat dit was."

"'Kay. Maar behoort dit nie nou al gewoond te wees aan ons nie?"

"Ek weet nie."

Toe ons by die huis kom, val ek amper oor Pa se rolstoel. Ma het dit gekry sodat ons hom buitentoe kon stoot en hy kon kyk hoe die aalwyne groei terwyl hy doodgaan. Nou gebruik ek en Bibi dit om mekaar in die huis rond te stoot.

Ek moet dit vir liefdadigheid gee, sê Ma altyd, maar sy doen dit nie.

Ma het 'n voorskoot aan en sy kook soetpampoen en vleis. Dis lanklaas dat sy soveel moeite gedoen het.

Ná ete help ek Ma met die skottelgoed, gaan sit dan op my plek in die sitkamer.

Bibi kom in en sit die TV aan. Sy't nog haar skoolklere aan en sy lyk te jonk om dood te gaan.

"Most people think of the Nightshifts as extreme earthquakes," sê die mooi man op TV wie se naam ek nie ken nie. "That's not what they are. From around 2 am Saturday morning, we will experience the birth pains of the end. The second wave is expected after 3 am, when the earth will rip itself apart, with no regard for the human population."

"By now," sê die ander man, "you must have heard of Richard Charles' infamous analogy that we are markings on a whiteboard about to be wiped off. Was he speaking in hyperbole? With all the actions being taken, do you really think that none of us will survive the Nightshifts?"

"What we need to remember is that Charles and his colleagues have studied the earth and its patterns for more than ten years. There is no one more respected in this field than –"

Ek verander die kanaal.

". . . seismic shift that will forever change the geography of the earth's surface. The biggest earthquake to date measured 9.5 on the Richter scale, but the expected dislocation and subsequent reordering of the earth's crust will not be

comparable to anything experienced in the past. If we were able to measure it on the moment magnitude scale, which has no upper limit, it would –"

". . . has always been part of the evolutionary trajectory that certain life forms would be vanquished in a larger narrative of continual progress and the survival of the superior. It's impossible to predict if any humans will survive the shifts, but I can say that if there are any human survivors, it will be less than five percent of the human popula- . . ."

Toe ek jonger was, het ek gedink dat daar aardbewings in Bitterbrugfontein is, maar Pa het gesê dis net dinamiet wat by die myne geskiet word.

"Kom ons kyk *Madagascar*," sê Bibi.

Ek staan op en haal die DVD uit die kas, seker vir die laaste keer.

Ma het by ons aangesluit; sy staan op en kom ná 'n rukkie terug met haar breiwerk.

"Wat brei Ma?" vra ek.

"Dit was veronderstel om 'n kombers te wees as al die blokke aanmekaargewerk is, maar nou sal dit seker net nog 'n vierkant wees."

"Ek hoor vierkante is nou in die mode," sê ek.

Ma se glimlag is onvoltooid, soos haar breiwerk.

"Kom ons skip tot by die dele met King Julien," sê Bibi.

Ek gehoorsaam.

"Don't you love the people? Not a very lively bunch, though."

Ek lag, harder en langer as wat ek moet.

Ma brei al hoe vinniger, asof sy besef ons tyd hardloop uit.

"Ek is lus vir chocolate," sê Bibi.

Ma lyk huiwerig, meer as gewoonlik. Sy wil nie dat ons te veel soetgoed eet nie.

"Ja wat. In die yskas, heel agter."

Sy staan op en kom ná 'n rukkie terug met 'n Peppermint Crisp slab. Ons deel dit soos nagmaal.

"Amper vergeet ek," sê Ma. "Die Nightshift Initiative het vir ons komplementêre oorpluisies en gesigmaskers gestuur. Ek het in jou kamer gesit."